

## **Wat maak ons nou met die boek Openbaring? (OP31)**

### **Openbaring 22:6-21**

**7 Maart 2021**

Die afgelope paar weke het ons stilgestaan by die beskrywing van die nuwe hemel en aarde en die nuwe Jerusalem. Daarmee het ons de einde bereik van die sewende onderafdeling van die boek Openbaring. Vandag begin ons om te kyk na die afsluiting van die boek, soos wat ons dit in Op 22:6-21 vind. Nie net is dit die afsluiting van die boek nie, maar vorm ook die afsluiting van die kanon – d.w.s. God se spesifieke openbaring aan die mensdom.

Ek wil vandag stilstaan by die vraag: Wat maak ons nou met die boek Openbaring? Kom ons wees eerlik: Openbaring is een van die boeke in die Bybel waarvoor baie mense terugdeins. Dit is 'n sogenaamde moeilike boek, en boonop is dit so dat daar baie uiteenlopende opinies bestaan oor die boek. Ek hoop dat nadat ons 40 weke spandeer het om deur die boek te werk, iets van daardie vrees vir die boek, verdwyn het – trouens dat dit selfs plek sou maak vir opgewondenheid oor die boek. Een van die sake wat in die afsluiting van die boek na vore kom, is wat ons met hierdie boek moet doen. Kom ons kyk daarna.

#### Watter woorde? (vers 6)

In Op 22:6 lees ons dat die engel vir Johannes sê dat hierdie woorde betroubaar en waar is. Die vraag is: Na watter woorde verwys die engel? Daar is twee moontlikhede – dit sou kon verwys na dit wat Johannes sopas gesien het, m.a.w. die visioen oor die nuwe hemel en aarde en die nuwe Jerusalem. Dit sou strook met wat ons in Op 21: 5b lees – daar was God self aan die woord, en Hy het vir Johannes gesê dat hy die woorde moet opskryf, want hulle is betroubaar en waar. Is dit in besonder waar van die woorde wat God daar gespreek het, en dus van die koms van die hiernamaals? Is daardie woorde in besonder betroubaar en waar? Of kan ons die woorde van die engel hier in vers 6 ook interpreteer dat dit van die hele boek Openbaring waar is?

Wel, vers 6 beskryf in meer detail watter woorde dit is wat betroubaar en waar is – dit moet die woorde wees wat beskryf wat God deur die engel aan Sy dienaars gegee het oor dit wat binnekort moet gebeur. Lees Op 1:1. Hier lees ons dat God 'n openbaring aan die mensdom wou gee. Die inhoud van die openbaring handel oor die dinge wat binnekort moet gebeur – soos wat Op 22:6 ook sê. Volgens Op 1:1 het God hierdie openbaring aan Jesus gegee, wat dit op Sy beurt aan die engele gegee het, wat dit op sy beurt aan Johannes gegee het. Dit is so dat die hele boek Openbaring handel oor die dinge wat binnekort moet gebeur – en daarom kan ons vers 6 interpreteer dat die woorde nie net na die voorafgaande gedeelte oor nuwe Jerusalem en skepping verwys nie, maar na die boek as 'n geheel.

Dit word verder duidelik as jy Op 22:7 vergelyk met Openbaring 1:3. Beide beskryf dat die mense geseënd is wat die woorde van die profesie ter harte neem. Die woorde waarvan ons in hierdie slotgedeelte lees verwys dus na die boek as 'n geheel.

#### Aan wie is die woorde in die boek Openbaring gerig? (vers 6)

Die volgende vraag is: Aan wie is die woorde van hierdie boek gerig? Wel, vers 6 maak dit duidelik dat dit aan die dienaars van God gerig is. Laasweek het ons in vers 3 gesien dit is dus die mense wat eventueel deel van die nuwe Jerusalem gaan wees en God daar gaan dien as priesters, en ook as konings. Op 1:1 bevestig dit weereens. Maar Op 1:4 gee vir ons verdere inligting. Die boek Openbaring is bo en behalwe dat dit 'n profesie is, is dit ook 'n brief aan die sewe gemeentes in die

provinsie Asië. Toe ons destyds na die sewe briewe aan die sewe gemeentes gekyk het in die eerste onderafdeling van die boek, het ons gesê die feit dat dit spesifiek aan sewe gemeentes gerig is. Is 'n aanduiding dat dit by implikasie aan alle gemeentes deur die loop van die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms gerig is. Dit is dus gerig aan alle gelowiges, en dit is natuurlik so dat alle gelowiges God se dienaars is, en deel gaan wees van die nuwe Jerusalem.

#### Wat is die inhoud van die woorde in die boek Openbaring? (vers 6)

Op 22:6 beskryf ook vir ons wat die inhoud van die boek is. Dit is 'n openbaring van God aan Sy dienaars oor dit wat binnekort moet gebeur, of soos vers 7 duidelik maak, dit is 'n profesie oor die dinge wat binnekort moet gebeur. En as jy wonder wat word bedoel met "binnekort", dan gee vers 10 lig hierop – dit handel oor die dinge wat Sy dienaars kan verwag in die eindtyd sal gebeur. Weereens bevestig Op 1:1 en 3 presies dieselfde. Onthou, ons leef reeds in die eindtyd, oftewel die laaste dae – alreeds sedert Jesus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees.

#### Hierdie woorde is betroubaar en waar (vers 6)

Die punt van vers 6 is nou die volgende: Die woorde in die boek Openbaring, wat God deur Jesus, deur die engel, deur Johannes aan die kerk, deur die loop van die eeue, gegee het en wat handel oor die dinge wat binnekort moet gebeur – daardie woorde is betroubaar en waar. Uit die aard van die saak is dit 'n belangrike saak. Duidelik is hierdie woorde profeties van aard – maar die realiteit is daar is ware en vals profesieë. Kyk maar net na die talle profesieë wat onlangs gemaak is oor wie die Amerikaanse presidentsverkiesing sou wen – die meeste profesieë was doodeenvoudig vals en onbetroubaar. Hoe kan ons seker wees dat die woorde van die boek Openbaring betroubaar en waar is? Kom ons wees eerlik, as die woorde van hierdie boek werklik betroubaar en waar is, en dit handel oor wat ons kan verwag in die tyd waarin ons lewe, sal dit werklik 'n baie nuttige dokument wees. Maar daar is so baie idees oor die eindtyd in ons tyd, dat ons maar geneig is om skepties te wees oor enige eindtyd profesie. Hoe kan ons seker wees dat hierdie profesie waar en betroubaar is? Ka ek 'n paar redes aanvoer:

- Die Bybel sê so – hier in Op 22:6. Hierdie boek is tog aan die gelowiges gerig. Gelowiges glo tog dat die Bybel God se Woord is wat Hy deur mense laat opskryf het onder die leiding van die Heilige Gees (kyk na vers 6). Ja, daar is baie wat die Bybel bevraagteken – maar gelowiges aanvaar tog God se Woord as betroubaar.
- Die oorsprong van die inhoud van hierdie woorde is God self. Ons het tog nou gesien dit is 'n openbaring van God af – God self is die oorsprong, en Hy is betroubaar. Daarna het hy hierdie openbaring aan Jesus gegee. Jesus word spesifiek beskryf in Op 1:5 as die "geloofwaardige Getuie". In Op 3:14 in die brief aan Laodisea word Hy ook beskryf as die "geloofwaardige Getuie". In Joh 14:10 sê Jesus dat Hy in die Vader, en die Vader in Hom is, met die gevolg dat die woorde wat Hy met Sy dissipels praat, praat Hy nie uit Sy eie nie, maar kom van die Vader af. Wat van die engel wat Johannes alles moes wys, en wat van Johannes self – is hulle so betroubaar dat ons seker kan wees die woorde wat ons het is betroubaar en waar? In Op 1:10-13 lees ons dat Johannes die opdrag kry dat hy wat hy sien moet opskryf. Kyk wie geen aan Hom die opdrag – dit is die Seun van die Mens, dus Jesus self. Ek is oortuig Jesus sou seker maak dat wat Johannes opskryf, in lyn is met die openbaring wat Hy van die Vader ontvang het. Ons het in beide Op 19:10 en in Op 22:10 'n beskrywing van Johannes wat voor die engel neerval met die doel om die engel te aanbid. In beide gevalle wys die engel Johannes skerp tereg en sê dat hy ook net 'n mededienaar is van Christus. Duidelik is die engel daarop ingestel dat God alleen die eer moet ontvang. As die engel hierdie misstappe van Johannes direk tereg gewys het, sou hy tog ook sekerlik

opgetree het as Johannes nie akkuraat neergeskryf het nie. Al met al, het ons veelvuldige Getuies: God self, Jesus, die engel en Johannes.

- Johannes moes dit neerskryf. Johannes het die visioene gesien, en moes dit neerskryf. Johannes het dit nie net oorvertel nie – hy het dit neergeskryf. Ja, daar kan verskillende opinies wees oor wat die betekenis is van wat Johannes neergeskryf het, maar daar is sekerheid oor wat hy neergeskryf het. Boonop het hy wat hy neergeskryf het aan die sewe gemeentes gestuur – nie net aan een ander persoon nie, selfs nie net aan een gemeente nie – nee, aan sewe gemeentes. Iemand kon nie maar stilletjies na die tyd iets kom verander nie – sewe gemeentes het ontvang wat Johannes neergeskryf het
- In die sewe briewe aan die sewe gemeentes, maak Jesus telkens die stelling: “Ek weet alles wat julle doen...”, “Ek ken julle verdrukking...”, “Ek ken die plek waar julle bly...” of “Ek weet dat julle die naam het dat julle leef, maar julle is dood...”. Nou, hierdie sewe gemeentes wat die eerste ontvangers van hierdie boek was, kon tog onafhanklik beoordeel of wat Jesus van hulle gesê het betroubaar was of nie. Daardeur moes hulle tog oortuig word Hy is waarlik die getroue Getuie.
- Deur ons studie van die boek Openbaring het ons telkens moes teruggaan na ander Skrifgedeeltes, veral ook in die Ou Testament, om raak te sien dat die inhoud van die boek aansluit by die res van die Skrif. Veral in ons oordenking van die nuwe Jerusalem het ek baie tyd daaraan spandeer om telkens die lyne uit te wys wat dikwels vanaf Genesis deur die res van die Skrif loop tot dit ‘n hoogtepunt bereik in die nuwe Jerusalem. Dit is tog ‘n aanduiding dat daar onderlinge eenheid en samehang in God se plan en in Sy openbaring aan die mensdom is – en dat hierdie boek baie keer daardie laaste legkaartstukkie is wat die prentjie wat deur die loop van die Bybel aan die opbou was, voltooi. Sekerlik moet dit ‘n aanduiding wees hierdie woorde is betroubaar en waar.

#### Wat moet die kerk nou met Openbaring doen? (vers 7, 17-18, 10)

Daar is ‘n paar dinge wat die gemeentes, dus die kerk, met die boek Openbaring moet doen, volgens hierdie slotgedeelte van die boek:

- Op 22:7 sê dat Jesus getuig het dat die wat die woorde van hierdie boek ter harte neem (OAV: bewaar), sal geseënd wees. 1 Tim 3:15 beskryf die gemeente as die draer en beskermer van die waarheid. Die Bybel is tog God se geopenbaarde waarheid, en Openbaring is deel daarvan. Die gemeente, en natuurlik ook individuele gelowiges, het dus die verantwoordelikheid om hierdie boek te bewaar, en dit ter harte te neem. Dit impliseer hulle sal dit moet bestudeer en dit hulle eie maak. Hoekom is Openbaring so belangrik dat die kerk dit ter harte moet neem? Kom ons dink oor die inhoud van die boek:
  - Dit gee inligting oor hoe werklike gemeentes prakties lyk, en waar hulle aan Jesus se verwagtinge van ‘n gemeente voldoen en waar nie. Dit is belangrik vir ander gemeentes om hulle hier in te spieël.
  - Dit gee inligting oor wat in die eindtyd in die wêreld gebeur en ook oor hoe dit met verloop van die tyd gaan verander. Dit gee dus aan die kerk inligting oor die stryd wat hulle kan verwag in hierdie tyd, en boonop gee dit vir die kerk inligting oor wat die wêreld waarin hulle leef, gaan fassineer.
  - Dit gee ook die insig aan die kerk dat hulle kan verstaan dat die stryd wat hulle hier op aarde beleef, is deel van ‘n baie groter stryd – dit is ‘n stryd tussen God en die duiwel, ‘n stryd tussen die koninkryk van die lig en die koninkryk van die duister. In hierdie stryd is God, die Lam, die engele en die kerk betrokke aan die een kant, en aan die ander kant is dit die duiwel, die dier uit die see, die dier uit die aarde, die

sedelose vrou en al die ongelowiges. Hierdie stryd het al begin voor die sondeval. Dit is belangrik vir die kerk om hierdie groter prentjie te verstaan wanneer hulle die teiken is van die aanslae van die bose magte.

- Dit gee ook baie duidelik bemoediging aan die kerk dat hierdie stryd se uitslag reeds bekend is – Jesus het reeds die duiwel oorwin, en sit in ‘n posisie van absolute gesag in die hemel. Die eindtyd is die laaste stuiptrekkings van ‘n reeds oorwonne duiwel en al sy magte wat wanhopig sy fokus juis op die kerk toespits.
- Die kerk moet weet dat al sou hulle in hierdie eindtyd hulle lewens hier op aarde verloor, is dit geensins die einde nie. Nee, dan kom hulle op Sionsberg in die hemel bymekaar by die Lam as deel van die groeiende 144 000. Daar bid hulle dat die Lam sal toesien dat reg en geregtigheid geskied deurdat Hy op die regte tyd sal oordeel. Boonop het hulle die versekering daardie oordeel sal regverdig wees.
- Die kerk word ook die versekering gegee dat aan die einde van die tyd sal die finale oordeel aanbreek. En dan sal al God se vyande in die poel van vuur gegooi word – waar hulle vir ewig gepynig sal word.
- Die kerk ontvang ook insae oor daardie toekomstige bedeling waarvan hulle deel gaan wees in die nuwe skepping as deel van die nuwe Jerusalem, waar God by hulle gaan woon, waar daar geen effek van sonde gaan wees nie, waar hulle vir ewig gaan bly – en waar hulle God gaan dien as priesters en konings.
- Boonop vorm hierdie boek die voltooiing van soveel ontwikkelingslyne wat regdeur die Skrif loop – en wys duidelik die eindpunt uit waarheen God besig is om te werk reeds van die begin van die skepping af.
- En boonop maak hierdie boek duidelik hoekom God juis hierdie pad met die ganse skepping en die mensdom loop – sodat die gelowiges in hulle eie persoonlike verlossing mag ervaar hoe God is, en dat hulle daarom uit ervaringskennis met oortuiging kan deelneem aan die hele skepping se verheerliking van God.

Sekerlik is dit tog die moeite werd om so ‘n boek ter harte te neem en te bewaar!

In Op 22:18-19 getuig Jesus dat dit baie belangrik is dat daar nie enigiets by hierdie boek gevoeg mag word, of van weggeeneem mag word nie. As jy iets byvoeg, kan jy verwag dat God vir jou die plaë sal byvoeg waarvan in die boek gepraat word, en as jy iets sou wegneem, sal God sy toegang tot die water van die lewe en die nuwe Jerusalem wegneem. Kortom, die hele boek is belangrik, en die boek is volledig soos wat God dit bedoel het.

Ja, daar is dele wat moeilik is om te verstaan. Ja, daar is allerlei verskillende interpretasie metodes van die boek – preteristies, postmillenialisties, premillenialisties, dispensational premillenialisties, amillenialisties. Ja, dit kan oorweldigend wees. Maar die feit bly staan: Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem!

Soms redeneer gelowiges Openbaring is te moeilik, en hulle laat dit grotendeels uit hulle bestudering van die Woord. Die gevaar van hierdie benadering is egter dat die volgende gedeelte wat hulle moeilik vind om te verstaan, is Gen 1 en 2 – want daarvoor is daar ook uiteenlopende opinies, en gevolglik hulle laat dit ook uit. Nou het hulle ‘n gebrekkige verstaan van die begin en die einde van God se openbaring aan die mensdom. Nou, as jy die begin en die eindpunt nie goed onder die knie het nie, loop jy die gevaar om in die gedeeltes tussenin die pad ook byster te raak.

Ek het deurgaans ‘n amillenialistiese (of idealistiese) benadering gevolg gedurende die bestudering van Openbaring. Ek het hier en daar verwys na redes hoekom ek nie oortuig is

van die ander interpretasie-metodes nie – maar uit die aard van die saak kon ons nie al die argumente kyk nie. Ek beskou myself nie as 'n kenner van al die metodes nie, maar as jy verder daarvoor wil gesels, kontak my en miskien kan ek jou help deur my denke met jou te deel.

- Maar die kerk het nog 'n groter verantwoordelikheid met die boek Openbaring. In Op 22:10 ontvang Johannes die opdrag van die engel dat hy boonop nie die woorde van hierdie profetiese boek geheim mag hou nie, en die rede daarvoor is dat die eindtyd naby is. Ek beplan om volgende week in meer detail hierna te kyk, maar kan ek net dit sê: In die eerste plek is die boek Openbaring gerig aan die kerk. En soos ons sopas gesien het, moet die kerk die moeite doen om hierdie boek se inhoud verantwoordelik te interpreteer. Dit moet sekerlik op 'n individuele vlak plaasvind, maar ook in die gemeente – soos die res van die Skrif moet dit geleer word in die gemeente. Maar uit die res van hierdie slotgedeelte van die boek, word dit ook duidelik dat dit in die wêreld ingeneem moet word om sodoende die wêreld te waarsku – juis omdat die einde van die tyd naby is. As die Here wil, kyk ons volgende week daarna in meer detail.

### Afsluiting

Geliefdes, ek wil jou aanmoedig om die boek Openbaring werklik ter harte te neem – al is dit stukkie vir stukkie. Dit is die moeite werd. Ek het al verskeie kere deur die boek gewerk – en elke keer leer ek nog meer. Ek kan dit sterk aanbeveel. Omdat die boek op soveel plekke teruggaan na vorige gedeeltes in die Skrif, help 'n studie van Openbaring nie net met 'n verstaan van die boek self nie, maar ook met verskeie ander dele in die Bybel – veral daardie eskatologiese gedeeltes in Esegïel, Daniël of Jesaja. En veral maak die boek Openbaring ons opgewonde oor daardie heerlijkheid wat God besig is om in ons uit te werk, en waarin ons in Sy teenwoordigheid gaan deel.